Toetrede

Liturgie van die Lig

To Be Famous

Creation calls for self-surrender,
Not loud noise and cheap success.
Life must be lived without false face,
Lived so that in the final count
We draw unto ourselves love from space.

So plunge yourself into obscurity
And conceal there your tracks.
But be alive, alive your full share,
Alive until the end.

Boris Pasternak (1890–1960)

Woorddiens

Lesing 1: Johannes 16:4-15 (1953)

4 Maar hierdie dinge het Ek vir julle gesê, sodat wanneer
die uur kom, julle kan onthou dat Ek julle dit gesê het.
Maar Ek het julle dit nie van die begin af gesê nie,
omdat Ek saam met julle was.
5 En nou gaan Ek na Hom wat My gestuur het; en
niemand van julle vra My: Waar gaan U heen nie?
6 Maar omdat Ek dit vir julle gesê het, het droefheid julle
hart vervul.
7 Maar Ek sê julle die waarheid: Dit is vir julle voordelig
dat Ek weggaan; want as Ek nie weggaan nie, sal die
Trooster nie na julle kom nie; maar as Ek weggaan, sal
Ek Hom na julle stuur;
8 en as Hy kom, sal Hy die wêreld oortuig van sonde en
van geregtigheid en van oordeel:
9 van sonde, omdat hulle in My nie glo nie;
10 en van geregtigheid, omdat Ek na my Vader gaan en
julle My nie meer sal sien nie;
11 en van oordeel, omdat die owerste van hierdie wêreld
geoordeel is.
12 Nog baie dinge het Ek om aan julle te sê, maar julle
kan dit nou nie dra nie.
13 Maar wanneer Hy gekom het, die Gees van die
waarheid, sal Hy julle in die hele waarheid lei; want Hy
sal nie uit Homself spreek nie, maar alles wat Hy hoor,
sal Hy spreek en die toekomstige dinge aan julle
verkondig.
14 Hy sal My verheerlik, omdat Hy dit sal neem uit wat
aan My behoort, en aan julle verkondig.
15 Alles wat die Vader het, is myne; daarom het Ek gesê
dat Hy dit sal neem uit wat aan My behoort, en aan julle
verkondig.

Broodjies vir die Pad

The Jewish Feast of Pentecost would have drawn pilgrims from all over the world to Jerusalem fifty days after Passover to give thanks to God for the Mt. Sinai event, when God spoke and called the Hebrews into covenant.

◆◆◆

In *The Call and the Response*, Jean-Louis Chretien draws out of the Sinai event and then its twin event, the first Pentecost after Jesus' resurrection, a meaningful insight. These occasions, he says, show us that "what is supremely invisible manifests itself by giving speech to the apostles...." (p..41) Those who had nothing to say except the usual banalities people exchange in daily life now become articulate in a new language that is not esoteric, but gets things done, specifically things that are seen by all to be the kinds of things God wants done in the world and which Jesus did personally in his short time in the world. Speech remains a mystery, but there is no longer any mystery about its possible uses and impact.

◆◆◆

The spectacle of Pentecost is not that Something from outside the world interrupted/penetrated human experience, but that the miracle of the mundane was shown to us-- each speaks in her or his native/authentic/personal voice. In the community of the church, the conversation is about God, us and all others. The resulting transformation is to see ourselves and all others in a new light, that is as Jesus did in his day, but here and now, by us in our day!

http://sacraconversazione.blogspot.com/2009/05/day-of-pentecost-year-b.html

For the early church, the Spirit is the assurance not only of God but of the truth of Jesus' message and ministry. In a pluralistic world, if we really respect the faith of others, then although an experience of Jesus may be unique to us, the spirit of truth is not limited to one person, in one place, in one time. It moves. It lights on first this person, then that one. The Spirit, as the readings have been indicating all month, is inclusive. It speaks in different languages, so that it can be understood by people in the language that they know. Its message is God's power, which by virtue of its being God's is differentiated from worldly power. It is deeply relational, desiring both to be known and to bring people together. It rested, for a time, in Jesus, but did not die with him. Pentecost is more than the birth of the church; it is the assurance of God's presence in the world.

http://processandfaith.org/resources/lectionary-commentary

"Jesus worked and traveled with women, it's a shame the Vatican cannot do the same."

Brood vir die Pad

Die ontluikende kerke

deur Theo Geyser

Ek het op 'n keer 'n wonderlike mens ontmoet. Hy is 'n oud-rocker, voormalige Engels-proffie en 'n predikant wat wroeg oor wat hy glo en waar hy die

meeste kan beteken. Sy eerste vraag aan my is: "Het jy David Bosch geken?" Hy het my volle aandag. Hy is bles, nederig met die inbors van 'n Robert De Niro – hy het presence. Sy stories is aansteeklik. Hy vertel een van sy orkeslede, 'n Boeddhis, het haar waardering uitgespreek teenoor die gemeente wat haar die ruimte bied om die Christelike geloof te ondersoek. Sy boek The Secret of Jesus plaas hom in gesprek met rabbi's wat meer oor Jesus wil weet. Hy lei Amahoro, 'n netwerk wat teologiese denke in Afrika oor post-kolonialisme stimuleer.

Soos ons kuiers ontvou, kan ek nie anders nie as om te droom oor volgelinge van Jesus wat ander nie veroordeel of verdag maak en uitsluit buite die genade van Christus nie, maar wat die waarheid in liefde probeer praat.
Sy naam is Brian McLaren, en hy is een van die leiersfigure binne die Ontluikende Kerke.

As ons praat van die Ontluikende Kerke moet die eerste vraag wees: Watter een? Prof Scot McKnight, 'n voorstander van die Ontluikende Kerke, sê tereg dat die beweging een van die mees misverstane bewegings is. Die Ontluikende Kerke het in die 1980's in die VSA ontstaan toe ontnugterde jongmense gesprekke begin voer het oor, onder meer, die desentralisasie van leierskap, alternatiewe vir die "worship"-kultuur, nie-liniêre liturgieë, en die herontdekking van kuns. Die Greenbelt Festivals het gegroei tot 'n Young Leader's Network, en later, die Terra Nova-projek wat nog later bekend sou staan as "Emergent". Die internasionale groei het later geboorte gegee aan die sogenaamde Emergent Village. Dit is myns insiens belangrik om te verstaan dat die Emergent Village ook net een aspek is van die Ontluikende Kerke, wat eintlik 'n veel groter fenomeen is.

Binne die Ontluikende Kerke word daar 'n onderskeid getref tussen Neo-Anabaptiste (Shane Claiborne en Tom Sine), Neo-Calviniste (Mark Driscoll en Tim Keller), Neo-Missiologiste (Frank Viola en Robert Banks), Neo-Clapham's (Bono, Tim Costello, Jim Wallis), Neo-Liberaliste (Tony Jones en Doug Pagitt) en die Blenders (Erwin McManus en Dan Kimball). Daar is seker nog baie meer.

Ek is eintlik heel onkundig met die verskeie nuanserings van die beweging, maar kan wel verstaan dat die beweging 'n klassieke voorbeeld van enige nuwe beweging is. Enige ontnugtering in krisisperiodes skep 'n vloed van ondersteuning teen die "vyand". Neem byvoorbeeld Protestantisme. Die "vyand" (Katolieke Kerk) het ook baie gou 'n reeks nuwe vyande van binne geskep (Anabaptiste, Mennoniete, Peïtistiese bewegings, Pentekostalisme). Binne 'n postmoderne samelewing word die bordjies egter verhang. Die drakrag van ideologie verkrummel en grense tussen kerke word minder rigied. Die hoofstroomkerke het reeds in die 1960's begin ontluik en by mekaar begin leen!

My punt is dat ons nie kan veralgemeen nie. Dit laat my dink aan die dominee wat gesê het: "Ek voel 'n preek kom – ek soek net 'n teks!" 'n Motor se onderdele bewys nie dat dit 'n motor is nie. 'n Motor sonder 'n koppelaar bly steeds 'n motor – miskien verkoop ons te veel koppelaars as motors.

Wat my opgewonde maak, is dat die Ontluikende Kerke verteenwoordigend is van al die hoofstroomkerke. Die doel is nie dogmatiese kruistogte nie, maar dialoog oor die krisisperiode waarbinne die kerk verkeer, en hoe dit die beste deur jou kerklike tradisie hanteer kan word. Richard Rohr, 'n Fransiskaanse priester en die spreekbuis vir die Ontluikende Kerke in die Katolieke Kerk, sien die beweging as 'n herontdekking van die belangrikheid van Christus, dialoog oor die institusionele kerk, die behoefte aan geloofsgewoontes wat nie alleen op informasie fokus nie, maar eerder transformasie en die roekelose volg van Christus binne die wêreld waarin ons leef.

Jürgen Moltmann se toetrede tot en ondersteuning van die dialoog het ook teologiese diepgang aan die debat gegee. Vir hom gaan dit in wese oor hoop, en dat hoop 'n nuwe verstaan van die wêreld moet wees. Daarom is kultuur hoog op die agenda. Teologie is ook ontluikend en die kerk moet hom eerder hiervoor beywer: 'n ontluiking in die koninkryk van God, hier en nou.

Waarom glo ons dat die kerk eerder skoolhoof moet wees en dat elkeen se weergawe van God die alleen-oplossing is van alle probleme? Die probleem is dat ons oplossings ook die probleem word. Wanneer my absolute waarheid ontplooi word teen die "vyand", word die absolute soms die boosheid self. Hoeveel lesse moet bevrydingsbewegings nog hieroor leer? Ek was verheug om te sien dat die Emergent Village sy reaktiewe karakter en protes versag.

Die kerk moet eerder ten dele praat omdat hy net ten dele ken. Ons kan waarheid nie besit nie. Ons praat eindig ook in misterie (1 Kor 2:7). Selfs om te sê "God is 'n misterie" verarm die misterie. Elke keer wanneer ons dink dat ons dit het, dan het ons dit reeds verloor. Geloof is 'n lewende reis. Teologie beteken dan om op weg te wees. Waarheid is nie die eindpunt nie, maar eerder die weg waarop ons saam met Jesus is. Hierdie voorveronderstellings vra eerder na 'n ontluikende geloof wat nie so behep is met wat ons glo nie, maar erns maak met hoe ons tot daardie geloof kom.
Ons is net mense wat oor God praat. En soms praat ons motiewe harder as woorde. Vir Jakobus is motiewe belangriker as gebed (Jak 4:1-4). Die valbyl van wenners en verloorders in die debat oor die Ontluikende Kerke verraai ons vrese en ego-behoeftes.

Nederigheid vra dat ons dit tem met eerbied teenoor "die ander".
Dalk is hierdie dié verlore pêrel wat ons kan help om sonder woorde in die Gees van Christus ons hart ter tafel te lê.
Mag dit so wees!

Dr Theo Geyser is leraar by InVia, 'n onafhanklike gemeente in Kaapstad.

http://74.54.26.123/~kerkbode/?p=551

wynandnel@iafrica.com 082 901 5877